4

# IN GESPREK MET GOD

**Naam:** ________________________________



**Bybelteks vir memorisering: Johannes 16:24**

Aangesien ons besig is met die Almagtige God, is dit nie te veel van ons verwag dat ons die beste oomblikke van elke dag aan Hom afstaan nie. (Vir meeste van ons sal dit vroeg in die oggend wees). Watter tyd ook al, in 'n afgesonderde plek praat ek met Hom en Hy met my. Die Psalmskrywer het dit op die volgende manier gestel: "In die môre, HERE, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag." (Psalm 5:4). Kom ons kyk watter verdere raad die Bybel aan ons gee oor die avontuur van gebed.

1. Het Jesus daarin geglo om persoonlik en privaat tot Sy Vader te bid? *(Markus 1:35)*

   ________________________________________________

2. Hoe moet ek bid? (*Lukas 18:1)* ________________________________

3. Met watter gesindheid moet elke keer gebid word? *(1 Thessalonisense 5:17 – 18)*

   ________________________________________________

4. Wat is een van die vernaamste oorsake van onbeantwoorde gebed? "As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie."(*Ps. 66:18)*

   ________________________________________________

5. Wat moet bepaal waarvoor ons moet bid? *(1 Johannes 5:14)* ____________________

   ________________________________________________

6. Watter lesse omtrent gebed het u uit die Evangelie van Johannes geleer?

   (a) Watter voorreg het elke Christen? *(Johannes 16:24)* ____________________

   ________________________________________________

   (b) God se doel met die beantwoording van gebed is dat ____________________
   ________________________________________ *(Joh.14:13).*

   (c) Wat vereis God van ons voordat Hy aan ons versoeke kan voldoen? *(Joh. 15:7)*

   ________________________________________________

7. Wat moet ek doen as ek bid, sodat ek 'n antwoord kan kry? *(Mattheus 21:22).*

   ________________________________________________

   ________________________________________________

8. ’n Paar spesifieke dinge waarvoor ek kan bid is: -

(a) Mattheus 6:11 ____________________

(b) Mattheus 9:38 ____________________

(c) Filippense 1:9 ____________________

(d) 1 Timotheus 2:1-2 ____________________

(e) Jakobus 1:5 ____________________

9. Wat kan my daarvan weerhou om in versoeking te kom? *(Mattheus 26:41)*

____________________

10. Die beste gebede is die wat: *(merk die korrekte antwoord)*

(a) die regte godsdienstige woorde bevat.

(b) “klink” soos gebed.

(c) Regstreeks uit die hart kom.

11. Wat beplan u vir u eie private tyd van gebed? ____________________

____________________

____________________

____________________

***U het waarskynlik nooit besef hoe ’n groot voorreg u het om met die Lewende God te kan praat nie. Al die liefde en seëninge wat Hy teenoor u betoon het veroorsaak dat u op u beurt iets vir Hom wil doen, nie waar nie? Bestudeer dan die volgende les.***

✂

**Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees. (Johannes 16:24)**